

Maandag 25 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-4; 22-25; Matteus 27:45-56

Fokusgedeelte: Matteus 27:46

Nooit weer deur God verlaat nie!

An die kruis roep Jesus uit: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” Hierdie vierde kruiswoord is die vervulling van Psalm 22:2 en die jaarlikse versoendag (Lev. 16:20-22). Op hierdie dag het die hoëpriester sy hande op ’n bok se kop gesit en die volk se sondes bely. Daarna is die bok, wat die sondebok genoem is, die woestyn ingejaag – weg van die Here en die volk af.

Die sondebok het vooruit gewys na Jesus Christus wat al ons sonde op Hom geneem het. Buite die stad is Hy in ons plek aan ’n kruis gespyker en deur sy Vader verlaat. Die Godverlatenheid wat Jesus gely het, kan ook gesien word in die duisternis wat vir drie ure toegesak het. Die duisternis wys op God se oordeel en straf wat Hy alleen moes dra.

Hoe is so iets moontlik? Hoe kan Jesus wat self God is, deur sy Vader verlaat word? Ons kan dit nie verstaan nie, want dit is te groot vir ons verstand. Tog het dit gebeur, want enigiets is vir God moontlik. God het dit so beplan sodat gelowiges vrye toegang tot Hom kan hê en sy kinders kan wees.

Dat ons nou vrye toegang tot God het, sien ons in die voorhangsel van die tempel wat middeldeur geskeur het. Jesus het die skeiding tussen God en sy kinders afgebreek. Gelowiges kan nou vrylik na God toe gaan, omdat Jesus die prys vir ons sonde betaal het.

Miskien het jy ook al in jou lewe gevoel dat God jou verlaat het. Dat jy bid, maar dat die Here jou nie hoor nie. Dat jy hartseer en benoud is, maar dat die Here jou nie vertrou nie. Hou in sulke tye vas aan die Here se beloftes. “God self het gesê: ‘Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.’ Daarom kan ons met vertroue sê: ‘Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ’n mens aan my doen?’” (Heb. 13:5, 6).

In Psalm 50:15 gee die Here die wonderlike belofte: “Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal my eer.”

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Dr. HM Zwemstra (Heinrich) (Walvisbaai/Swakopmund)